
Liewe Ouers

Hier is ‘n paar voorbeelde van hoe ons woordsomme doen.  Leerders moet dit met tellers kan uitpak (konkreet).  Hulle moet dit kan teken (semi-konkreet).  Hulle moet ‘n som kan skryf.  Om tyd te spaar in die klas, leer ons die kinders om sirkels of strepies te maak.

***Voorbeeld 1***

Jan het 6 albasters.  Hy verloor 4.  Hoeveel bly oor?




Antwoord: **2**

Wanneer ons die minus-teken aangeleer het, sal hul so skryf: 6 – 4 = 2

***Voorbeeld 2***

Lisa het 3 lekkers.  Mamma gee vir haar nog 4 lekkers by. Hoeveel het sy altesaam?





3 + 4  = 7

Ons leer die kinders om ‘n vingerspasie in te sit.  Dit is dan makliker om die som te skryf.

***Voorbeeld 3***

Mamma het 6 kolwyntjies.  Sy deel dit gelykop tussen 3 kinders. Hoeveel kry elkeen?






Leerders teken die lekkers.  Soos hulle dit uitdeel, trek hul strepies deur die lekkers. Skryf hierso slegs ‘n antwoord!

2 2 2

***Voorbeeld 4***

Pappa gee vir 2 kinders elkeen 4 balle.  Hoeveel balle is daar altesaam?



4 + 4 = 8

Ons sal later in die jaar nog voorbeelde gee.  Onthou om seker te maak dat u kind verstaan.  Vra die volgende vrae:  Hoeveel lekkers was daar?  Hoeveel het mamma bygesit?  Hoeveel is daar altesaam?

OF

Hoeveel albasters was daar?  Hoeveel het Jan verloor?  Hoeveel is daar nou.

***Opdrag:***

***U kan nou vir u kind hierdie tipe somme vra.***